

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 225**

(Geen datum)

**Juig voor die Here!**

\* \* \* \* \*

"Dien die Here met blydschap: kom voor sy  
aangesig met gejubel."

(Psalm 100:2)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Juig voor die Here!

Was u al onskuldig van iets beskuldig?

Vals beskuldig?

Niemand hou daarvan nie.

Dit wek selfs soms bitterheid by mense op. Dit laat jou in alle geval reageer.

Hier in Psalm 100 lees ons: "By die lofoffer. Juig voor die Here, o ganse aarde!"

Sien u die uitroepeteken? Dit is dus 'n bevel. Die ganse aarde moet voor die Here juig.

Nou, wat het dit met vals beskuldig te maak?

Ons lees in Genesis 3:17 "- vervloek is die aarde om jou ontwil;"

Die aarde is onskuldig vervloek deurdat die mens gesondig het. Die aarde is dus saam met die skuldige mens vervloek. Maar nou kom die digter van Psalm 100 en beveel dat die aarde moet juig, sommer net so asof daar nooit iets gebeur het nie.

Dit is asof die digter kontak met die werklikheid verloor het. Hoor net wat sê Paulus in Rom 8:19, 20; "Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe — nie gewillig nie, maar terwille van hom wat dit ontwerp het."

Die aarde het hom aan die nietigheid onderwerp terwille van die mens.

En nou kom die mens en gee bevel aan die aarde:

**JUIG!** Dit kan tog nie.

Waarom selfs die vrymoedigheid? Die digter staan in die geloof. Die opskrif sê: "By die lofoffer"

Die lofoffer het uit enigiets bestaan. Lofoffer en dankoffer is dieselfde. Bul of koei, ram of ooi mag geoffer word. Dit mag net nie gebreklik wees nie (Levitikus 3)

Dit is die antwoord vir die bevel om die aarde te laat juig, want die mens gaan juig. Die lofoffer gee die rede. Daardie dier wat geoffer word aan die Here, uit dank vir al die seëninge — se bloed loop. Die offerbloed wat heenwys na die **OFFERBLOED VAN JESUS CHRISTUS**

In die geloof sien die digter al die offer van Christus:

Ons sondes is vergewe. Die mens is verlos. Die mens is van die vloek bevry. Daarom is die aarde van die vloek bevry — om Jesus ontwil.

Waar staan ons twee nou, geagte Leser?

Ook gewas in die bloed van die Here Jesus?

Selfs die aarde smag na die kinders van God:

Die aarde wag op die openbaarmaking van die kinders van God. (Rom. 8:19)

Gee u die aarde rede om te juig:

Hier is 'n kind van God!

Leef u ook op die aarde as 'n kind van God?

Versier u die aarde? Besoedel u dit nie? Laat u die aarde sug?

Die aarde vra u so mooi: Leef soos 'n kind van God.

Hou u bande vas met die kinders van God. Moenie met die offerbloed van Jesus mors nie.  
Gee die aarde rede om te juig saam met die kinders van God. Juig:  
VERLOS EN NIE VERLORE!

***Ds Andries Mulder***

# Dien die Here met Blydskap

Om bly te kan wees, is iets waarna elke mens smag . . .

- blydskap is onontbeerlik
- blydskap gee sin aan die lewe
- blydskap is 'n Goddelike eis.

Lees maar die opdrag van Psalm 100:2 —

## "DIEN DIE HERE MET BLYDSKAP"

En nou dink so baie mense:

- om christen te wees beteken om met 'n lang gesig rond te loop;
- om christen te wees beteken om op die ashoop te sit, want jy mag nie en moenie en kan nie;
- om christen te wees beteken geen deel aan die lewe of mode of rykdom nie;
- ja, om christen te wees en God te dien is alles behalwe blydskap;

Dis tog 'n leuen — dis vals. Daarom beweer mense:

- die wêreld bied oorfloed en die kerk bied wintervaalheid;
- die wêreld sê: Kom, en die kerk sê: Bly weg;
- die wêreld bied die wyn en pret en lag — en die kerk 'n lang, swaar gesig.

**NIE!** geliefde Leser! Dis 'n leuen; 'n Valsheid. lewers is 'n misverstand. Want Psalm 100:2 eis van jou: "Dien **GOD** met **BLYDSKAP**"

- dis nie net 'n leë en hol blydskap nie, maar daardie iets wat opregte en ware blydskap skep, is: **DIENS AAN GOD!**

En "dien" beteken NIE

- om slaaf te wees nie
- of om sonder behae of lus of blydskap te wees nie
- te doen wat gesê word nie

Nee, dit beteken om . . .

- as kind van God
- as verlose van Christus
- as besitter van die Heilige Gees:

**BLY TE WEES IN GOD-DRIE-ENIG**

Want God wil juis nie gedien word met stampe en stote of met sorg en kommer nie

- God wil juis nie slawe om sy troon hê nie

Nee, God wil gedien word met blydskap

- Hy wil kinders om sy troon hê — jubelende, blye kinders  
Hoekom? Wat veroorsaak dan hierdie blydskap?

**JESUS CHRISTUS**

- In Hom is ons verlos
- In Hom is ons salig

— In Hom is ons kinders van God

En dit is opregte blydschap. Dis nie 'n wêreldse, aangeplakte blydschap wat slegs deur drank en dwelms losgemaak word nie —

Nee, dis 'n spontane, opregte en eerlike blydschap wat alleen 'n kind van God KAN SMAAK.

So 'n blydschap bring jou in beweging

— dit gee sin aan die lewe

— dit vervang jou trane met 'n glimlag

En nie net Psalm 100 eis blydschap in godsdiens nie . . .

- Die Prediker sê: "Weer verdriet uit jou hart"
- Paulus sê: "Verbly julle altyd in die Here" (Fil. 4)
- Christus sê: "My blydschap moet in julle bly . . . sodat julle blydschap volkome kan word" (Joh. 15:11)

So bring Christus dan vir sy kinders . . .

— 'n nuwe lewe

— lewensvreugde

— blymoedigheid

— volle en opregte blydschap

"Dien God met blydschap" is die eis van die Bybel.

Kan jy? Ja, deur Jesus Christus kan jy die Here met blydschap dien!

***Ds Nico Ligthelm***

# Erken dat die Here God is

Ken jy God?

Jy vra miskien: Watter god?

Daar is egter net een ware God. Dit is die Here. Ken jy Hom?

Buiten die Here God kry mens net afgode. Hulle is mensgemaakte gode en daarom net so magteloos soos die mens self. Hierdie afgode is nutteloos en dit sal jou niks help om hulle te ken nie. Hulle ken jou nie en kan jou nie help, beskerm en voortlei nie.

Die belangrikste vraag is nog: Ken jy die Here God? Hy is van alle ewigheid af God. Niemand het Hom geskep of gemaak nie. Hy is self God. As almagtige en ewige God het Hy in Sy grootheid self besluit dat dit goed is as jy en ek Hom as mens ken. Daarom het die Here God Homself aan ons bekend gemaak. Dit het Hy gedoen deur sy Woord — die Bybel.

Deur die Bybel, kan jy die grootheid van die Here leer ken. Daarin leer ons Hom ken as Skepper van alle dinge en as Koning wat oor alles regeer. Niks gebeur buite Sy wil nie. Dit is nie toevallig dat jy nou hierdie stukkie lees nie. Die Here is Koning en Hy het dit so gewil.

Die wonderlikste is dat jy die Here mag leer ken as die God wat jou deur en deur ken. Hy ken jou naam en Hy weet waar jy bly. Hy ken jou lewensomstandighede. Hy ken egter veel meer van jou as jou naaste vriend. Hy ken selfs die verborge dieptes van jou hart. Hy ken jou vrese en worstelinge. Hy weet dat jy ook smag na ware vrede en rus in hierdie deurmekaar wêreld.

Die wonderlikste kennis aangaande die Here is dat Hy nie onbetrokke staan ten opsigte van sy kennis aangaande jou nie:

- Hy kom jou te hulp in jou nood
- Hy is die almagtige God
- Hy kan en wil jou help
- Hy is ook 'n God van Liefde

## **JY KAN HOM OOK SO LEER KEN DEUR JESUS CHRISTUS**

Hy wat self God is, maar na hierdie wêreld gekom het om vir al ons sondes aan die kruis te sterf. Hy het uit die dood opgestaan. Hy is Koning selfs oor die dood. Hy is jou enigste Verlosser. In Hom alleen sal jy vir ewig lewe. Hy skenk ware vrede en rustigheid.

En nou die heel belangrikste vraag: Is jy betrokke of onbetrokke by hierdie kennis aangaande die Here? Jy moet dus nie die Here net met jou verstand ken nie, jy

moet Hom **ERKEN**. Jy moet nie net weet dat Hy die Here God is nie. Saam met Thomas van ouds moet jy ook met jou hele hart uitroep: **“MY HERE EN MY GOD!”**

Erken dat die Here God is. Erken dat Hy koning is oor jou lewe. Erken Sy liefde vir jou in Jesus Christus. Erken Sy liefdevolle leiding en jou lewe sal verander in een groot loflied aan Hom gewy.

***Ds Sarel Cilliers***

# Hy het ons gemaak

Is u, soos baie ander, ontevrede met u liggaam, met u verstand, met u uiterlike?

Daar is baie mense wat duisende rande spandeer om anders te lyk, anders te wees as wat hulle is!

Is dit opsigself 'n sonde om anders te wees as wat jy is?

Nee, elke mens moet verander.

Die verandering moet egter in Jesus Christus wees.

Die verandering begin binne en werk uit na buite.

Indien u begeer om verander te word; gaan terug na u begin en laat u nuwe lewe daar begin waar God u gemaak het.

Ons lees in Gen. 1:26 dat God gesê het: "Laat Ons mense maak ..."

Dit is u oorsprong;

Dit is u begin;

God het u gemaak;

God het my gemaak.

Daar lê die wese van verandering. Gaan terug na jou Oorsprong en jou Maker!

Die mens wat erken dat die Here God is, — dit wil sê — die almagtige God — Skepper van Hemel en Aarde — ook ons Skepper, erken dat God ook sy/haar Skepper is.

Ek het nie maar net ontstaan nie.

Ek is nie maar net op 'n sekere dag gemaak of gebore nie.

Ek is nie maar net die gevolg van 'n biologiese koppeling nie.

Nee!

God het my gemaak.

God het my boonop "GOED" gemaak.

Deur die sonde, my eie sonde, is ek iets anders as wat God gemaak het. Dit is nie meer dieselfde wese wat God met sy hande in my moederskoot gevorm het nie!

Tog moet hierdie wese verander.

Die sondeskuld moet afgewas word.

Die sonde onreinheid moet gereinig word.

Die wêreldse besoedeling moet gekeer word.

Alles roep om verandering.

Daar is 'n kreet, 'n uitroep! So kan dit nie bly nie — verandering moet plaasvind.

Die verandering — ten goede?

Keer terug na jou Maker, want God wat jou gemaak het — ook jou herskepping, is besig om jou verandering te beplan en dit uit te voer.

Hy stuur sy Seun — Jesus Christus, om jou nuut te maak, om jou te verander.

Die verandering is deur sy kruisdood.

Ja, Hy moes sterf om op te staan sodat jy verander kan word.

Die verandering van die oumens, die sondige natuur, wat net die sonde en sy lelike sy ken, wat net die verkeerde en kwaad ken, wat net die dood en die hel ken, verander na . . .

- die nuwe wat alles wat lieflik, loflik en mooi is bedink
- die nuwe wat die goeie en die mooie kan doen
- die nuwe wat die lewe ken wat nooit eindig nie

Die verandering is alleen te vind in Jesus Christus.

Wil jy verander? Soek Jesus Christus!

Soek Hom in Sy kerk, soek Hom in die Bybel — Soek Hom en bid dat sy Gees jou nuut maak

Dan weet jy — Hy het ons gemaak.

- Die eerste keer — so mooi en goed as wat God dit kan doen
- Die tweede keer — omdat onself die gesig wreed vermink het deur ons eie sonde, het Jesus ons weer mooi en goed gemaak!

Die Here het ons gemaak, ons is Sy eiendom — die maaksel van Sy hande.

***Ds Leo van Schaik***



# En ons is syne

Ek is my eie baas!

Ek neem my eie besluite!

Ek doen net wat ek wil!

Dan kom die dag dat ek uitvind dat ek nie so 'n goeie baas is as wat ek gedink het nie. My besluite is meesal koersloos of niks meer werd as om sonder rede maar net soos almal te maak nie. Die apostel Petrus noem so 'n lewe "n oorgeërfde sinlose bestaan" (1 Petrus 1:18)

Eintlik kan ek nie werklik my eie baas wees nie.

God het ons immers gemaak om aan Hom te behoort. Die Satan wou God se eer vir homself hê. Hy het die mens verlei om vir homself te besluit wat reg en verkeerd is.

## **SO HET SATAN ONREGMATIG BAAS GEWORD OOR 'N MENS DOM WAT SY EIE BAAS WOU WEES**

Jy is nooit werklik jou eie baas nie. Of jy behoort aan God of jy behoort aan Satan. Satan ontnem jou van die sin van jou bestaan, naamlik: **OM VIR GOD TE LEWE**

Geagte Leser, aan wie behoort jy?

Het jy die goeie nuus al gehoor? God sal nie vir Satan toelaat om sy doel te bereik nie. Omdat God die mens geskape het, behoort die mens aan God. Dat Hy ons ook nog deur Christus uit die slawerny van die Satan losgekoop het, vertel dat ons waardevol is in God se oë.

Hy het ons gemaak en Hy het ons gekoop - **ONS IS DUBBELD SYNE**. Hy koop ons nie met kosbare goud of silwer nie. Soveel meer kosbaar is die prys wat Hy betaal. Die betaling was bloed. **LEWENS BLOED**. Nie van 'n dier nie. Die betaling is die bloed van Sy Seun. So kom lê Hy beslag op ons sodat ons vir ewig net syne kan wees.

Wie aan die duiwel behoort, is 'n slaaf van die sonde. Wie aan God behoort, is nie meer 'n slaaf nie, maar Sy kind. Ek word deel van 'n volk wat Hom dien met blydschap. Ek word 'n skaap in die kudde van die Herder wat my voed en lei en versorg.

So heerlik is dit om aan die Here te behoort dat die woorde "Ons is syne" in die loflied Psalm 100 opgeneem is. So ook begin die Heidelbergse Kategismus om God se genade te bely: "My enigste troos in lewe en sterwe is dat ek met liggaam en siel, in lewe en sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue saligmaker Jesus Christus toebehoort."

Behoort U ook as gemaakte en gekoopte aan God?

***Ds P A Odendaal***

# Kom voor Sy aangesig met gejubel

Daar is soveel rede om God te loof en te prys.

Daar is soveel rede om Hom met blydschap te dien.

Daar is soveel rede om voor sy aangesig te verskyn met gejubel.

Psalm 100, wat slegs uit vyf kort verse bestaan, gee al meer as genoeg rede daarvoor:

- Ons moet Hom loof, want Hy is God — die God van genade en barmhartigheid;
- Ons moet Hom prys, want Hy het ons gemaak, ons behoort aan Hom, ons is Sy volk, Sy eie kudde;
- Ons moet met blydschap en gejubel voor Hom verskyn, want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie, Sy trou duur van geslag tot geslag.

In hierdie gemoedstemming van jubelende blydschap en lofverheffing het die gelowige Israëliete van ouds na die tempel opgetrek om daar die lofoffer te gaan bring. Daar het hulle op die tempelberg gestaan en ingekyk deur die wydgeopende tempelpoorte:

- daar was die rokende altaar, teken van God se versoenende genade;
- daar was die tempelgebou, teken van God se teenwoordigheid by sy volk;
- daar was die priesters van die Here wat die volk uitgenooi het: “Kom voor sy aangesig met gejubel, gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang.”

En dan het die blye jubeling spontaan uit hulle binneste opgewel om uitdrukking te gee aan die geloofsrykdom wat hulle harte vervul: Die dankbaarheid oor die Here self, wat die grote Skepper is, en ook die troue en liefdevolle Herder van sy verbondsvolk.

So was die gelowige volk jubelend verenig voor die aangesig van die Here om sy Naam groot te maak, en om die rykdom van sy verbondsgenade te geniet.

En nou: As die gelowiges van die Ou Testament hulle so kon verlustig in die diens van die Here, hoeveel te meer nie ons, die verbondskinders van die Nuwe Testament nie!

Ons het nie meer die tempel op die Sionsberg nie —

Ons het 'n Vaderhuis, ewig in die hemel.

Ons wag nie meer dat 'n priester vir ons moet offer nie —

Jesus Christus, ons Hoëpriester, het reeds die volmaakte offer gebring

Hy het vir ons sonde gesterf

Hy het vir ons die dood oorwin.

Ons word nie meer by die aanskoue van die brandofferaltaar met geesteskrag vervul nie —

Hy het Sy Heilige Gees in ons harte uitgestort wat ons met blydschap in Sy diens vervul, en deur wie ons met gejubel voor Sy aangesig kan lewe. En voor ons is *die Nuwe Jerusalem, ons ewige tuiste*, so verstommend heerlijk dat geen oog dit gesien, en geen oor dit gehoor, en dit in die hart van geen mens nog opgekom het nie.

In *Christus* het *ons* die heerlike bewys dat die Here God is,

- onse God is
- ons Herder is, wat ons getrou bewaar en versorg, en Wie se verbondsliefde duur tot in ewigheid

En dit is Hy wat ons deur sy genade roep en dring:

- Kom!
- Kom voor sy aangesig met gejubel, gaan sy poorte in met lof!
- Kom, almal wat dors het, kom na die waters!
- Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee!

Reageer dan met jubelende blydskap op sy roepstem,

- voer 'n dankbare lewe voor sy aangesig
- ervaar sy liefde en sy trou, nou, en tot in ewigheid!

***Ds Pieter van der Walt***